NG GEMEENTE BLOEMHEUWEL

Vakature: Deeltydse Leraarspos

(Vastetermyn, Kontrak)

Die gemeente maak in biddende afhanklikheid hierdie vakature bekend wat vanaf **1 Maart 2019** gevul moet word.

Gemeenteprofiel: Bloemheuwel gemeente is 'n randstad-gemeente in Bloemfontein, met 696 belydende- en 60 dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van die belydende lidmate is 70 jaar. Daar is drie aftree-oorde binne die gemeentegrense.

Leraarsprofiel:

- Persoon moet verkieslik 'n emeritusleraar wees en verantwoordelikheid neem vir preekbeurte in oorleg met die voltydse leraar.
- Leraar met 'n passievolle uitlewing van sy/haar roeping.
- Moet bereid wees om met oorgawe huis- en siekebesoek te doen en Bybelstudies te hanteer in twee van die Aftree-oorde.
- Sensitiewe pastor met 'n liefde vir die geestelike versorging van ouer lidmate.
- 'n Persoon wat in spanverband kan saamwerk met die voltydse leraar en ander bedieninge van die gemeente.

Vergoeding: Sal met die suksesvolle kandidaat beding word.

Aansoeke: Aansoeke bestaande uit 'n volledige CV, met besonderhede van twee referente, moet per e-pos gerig word aan die NG Gemeente Bloemheuwel by **skriba@ngbloemheuwel.co.za**

Navrae kan gerig word aan Oudl Piet Coetzer, Voorsitter van die Kerkraad by 082 771 3538.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 11 Januarie 2019 om 12:00